







# IN DIE *VOORSTE* LINIE

*Die oud-Johannesburger Paula Slier wou eintlik 'n menseregte-prokureur wees, maar nou veg sy op 'n ander, groter manier vir menseregte deur haar werk as internasionale oorlogskorrespondent*

***Deur* ILSE SALZWEDEL**

Paula Slier (42) was eens 'n bekende gesig op SABC-nuusbulletins, maar tien jaar gelede het sy pas by die SABC bedank toe sy hoor die Palestynse leier, Jasser Arafat, is sterwend. Paula se nuusinstink het vir haar gesê hier is die storie van 'n leeftyd.

"Ek het al my spaargeld gebruik vir twee goed: 'n digitale videokamera en 'n vliegkaartjie Israel toe."

Haar instink was reg en sy het haar storie gekry. En besef dat daar geleenthede is vir die joernaliste, vervaardigers en kameramanne wat vir haar werk. Die afgelope paar jaar is sy ook die Midde-Oosterse burohoof vir die Russiese TV-stasie Russia Today (RT). Sy werk hoofsaaklik in die Midde-Ooste, maar deesdae ook gereeld in die Oekraïne en Rusland. Sy was die RT-korrespondent in die Egiptiese revolusie, ook bekend as die Arabiese Lente, en het van Tahrir-plein, die episentrum van die revolusie, verslag gedoen. Sy werk gereeld in van die berugste oorlogsones ter wêreld: die Gaza-strook, Irak, Afganistan, Sirië, Turkye, die Oekraïne ...

Sy het nie beplan om oorlogskorrespondent te word nie. "Dit het net gebeur. Maar hoe kan ek sulke belangrike stories nie vir die wêreld wil vertel nie?"

Is sy nooit bang nie? "Ek het deur die jare geleer om maar taamlik fatalisties oor die lewe te wees," skryf sy in 'n e-pos. "As ek nie was nie, sou dit baie moeilik wees om keer op keer na

FOTO'S VERSKAF







# *'EK HET AL MY SPAARGELD GEBRUIK VIR TWEE GOED: 'N DIGITALE VIDEOKAMERA EN 'N VLIEGKAARTJIE ISRAEL TOE'*




AS OORLOGKORRESPONDENT WERK PAULA SLIER GEREELD IN VAN DIE BERUGSTE OORLOGSONES TER WÊRELD: DIE GAZA-STROOK, IRAK, AFGANISTAN, SIRIË, TURKYE, DIE OEKRAÏNE ...

potensieel lewensgevaarlike situasies terug te gaan."

Sy vertel van die keer toe 'n selfmoordbomaanvaller hom op die presiese plek voor hul hotel opgeblaas het waar sy en ander joernaliste drie weke lank elke dag hul tolk ontmoet het.

"En presies om nege-uur die oggend, die tyd waarop ons mekaar altyd ontmoet het. Daardie oggend was die eerste keer in drie weke wat ons mekaar 'n uur vroeër ontmoet het, en ons was al in 'n ander woonbuurt toe ons die slag hoor. Elf mense is in die aanval dood, ook ons hotelportier met wie ons elke oggend 'n bietjie gesels het."

Sy glo dit help dat sy in Johannesburg grootgeword het. "Of blykbaar dink die mense saam met wie ek werk so. 'n Paar jaar gelede het ek uit die Gaza-strook verslag gedoen oor die Israel-Palestina-konflik toe 'n Qassam-vuurpyl 'n paar honderd meter agter my ontplof. Almal het gehardloop en skuiling gesoek, maar ek het doodeenvoudig aangehou met die regstreekse uitsending. Later het 'n redakteur van RT my gebel en gelukgewens met my dapperheid, en gesê dis seker omdat ek van Suid-Afrika kom en aan oorlog gewoond is. 'n Ma in die Gaza-strook het my ook eenmaal vertel hoe verlig sy was dat haar seun veilig terug is ná twee jaar in 'Suid-Afrika, die oorlogsone'."

Dis maar net 'n bietjie van die onkunde en vooroordeel wat sy as vroulike, Suid-Afrikaanse oorlogkorrespondent al beleef het.

"In party plekke waar ek werk, word ek byna as 'n derde geslag beskou, 'n androgene entiteit wat tussen die twee wêrelde van mans en vroue kan beweeg. Die een oomblik kuier ek saam met die vroue in die kombuis, en dan eet ek weer in die sitkamer saam met hul mans wat in die Jihad (heilige oorlog) veg." (Vroue en mans eet tradisioneel nie saam nie, iets wat nog strenger toegepas word in die konserwatiewer Moslemgemeenskappe onder die Taliban.) "Ek dink nie 'n manlike kollega sal ooit in die kombuis welkom wees nie."

Sy glo dit help selfs soms om 'n vrou te wees. "Ek hoef dikwels net mooi te vra, dan kry ek goed reg wat 'n manlike joernalis nie sommer sal regkry nie. Op 'n keer het ek 'n storie gedoen oor die tonnels waarmee goed van Egipte na die Gaza-strook gesmokkel word. My tolk was stomverbaas dat die tonnelgrawers my in die tonnel toegelaat het, en het bly sê dat hulle nooit 'n vreemde man sou toelaat nie. Toe ek by die tonnel uitklouter en meer as dertig uiters verbaasde mans met lang baarde net na my staar, het ek presies verstaan wat hy bedoel het."

Haar blote teenwoordigheid as vrou het ook al 'n paar ploĀar e situasies ontlont.

"Dis asof mans skielik onthou om hulself te gedra as daar 'n vrou by is.

Ek het ook al net daar aan die oorlogsfront van die mooiste, ridderlike gebare beleef. Eenmaal het ons saam met pro-Russiese vryheidsvegters onder 'n trein weggekruip. Ons was omring deur sluipskutters, en het so paar meter verder gekruip en in 'n verlate spoorweggeboutjie gaan skuil. Een van die vegters het opgehou om Molotof *cocktails* (petrolbomme) te maak, en vir my in 'n gekraakte koppie gaan tee maak, sy Kalashnikof-geweer oor die skouer."

'n Ander keer moes sy en 'n kameraman noodgedwonge 'n nag saam met die Peshmerga (Koerdiese Irakese vegters) in 'n skuiling van sandsakke slaap.

"Drie dae tevore het dieselfde groep die gevreesde IS (Islamitiese Staat) se vegters gedwing om terug te val, en ons kon die IS-vegters steeds 'n paar honderd meter van ons skuiling sien."

Die Peshmerga-generaal, vertel sy, kon nie genoeg om verskoning vra dat die komberse wat hy vir hulle geleen het, so oud was nie. "En dat hy net vir ons kaas en beskuitjies vir aandete kon aanbied! Soos hy dit gestel het: 'Ons het nie tyd gehad om vir julle voor te berei nie.'"

## DIE ERGSTE STORIE

"Verlede jaar moes ek 'n storie in **Irak** dek oor **seksuele slawerny** in die gebiede wat deur die **Islamitiese Staat** (IS) beheer word. **Vroue** van die Yazidi-geloof, 'n minderheidsgroep wat uit die elfde eeu dagteken, word **op markte** as seksslawe verkoop. Hulle word gedwing om **prysetikette**, wat wissel tussen **1 en 400 US dollar,** op hul klere te dra. **Meisietjies** van net **drie of vier** word **verkrag** en in barakke vir die **IS-vegters** aangehou. Dit is verskriklik, verskriklik, en die wêreld **doen nie genoeg nie.** As ek selfs net **een mens** kan beweeg om iets te doen deur hul **storie te vertel,** het ek my werk gedoen."

Ongelukkig word baie vroue in van die oorlogsones waar sy werk, dikwels met minder respek behandel, iets wat haar ontstel. Sy het geleer om haar emosies af te skakel van die tragedies wat sy byna daagliks aanskou. "Anders sal ek nie my werk kan doen nie." Maar tog: daar is dinge wat nie eens 'n geharde korrespondent kan aanskou nie, erken sy.

Tussen die lyne van haar e-pos-antwoorde lees ek 'n warmte en 'n lekker sin vir humor. En groot dankbaarheid vir die klein dingetjies.

"Ek voel oneindig bevoorreg en gelukkig om die lewe en loopbaan te hê wat ek het. Ek is deel van oomblikke wat die verloop van die geskiedenis bepaal. As ek dalk kinders het, sal ek eendag vir my kleinkinders kan vertel: 'Ek was daar.'"

Sy het nooit getrou nie. "Ek het nooit 'n brandende begeerte gehad om kinders te hê nie, en het gedink dit sal dalk maar kom as ek ouer word. Maar dit het nog nie. Ek sien so baie dood, oorlog en barbaarsheid dat ek wonder of dit my nie huiwerig gemaak het om kinders te hê nie. My vriend van die afgelope meer as ses jaar verstaan dit gelukkig, en hy ondersteun my ten volle in my werk. Hy het al daaraan gewoond geraak dat ek soms op die nippertjie 'n afspraak of vakansie moet kanselleer omdat daar iewers 'n oorlog uitbreek. Ons was eenmaal op vakansie in Thailand toe ek reg in die middel van 'n massering 'n SMS kry dat ek onmiddellik in die Oekraïne moet aanmeld. Hy en my ouers, Lionel en Alicia, wat steeds in Suid-Afrika woon, en my broer Jack – hy woon in Engeland – en my suster Hayley in China, bekommer hulle gedurig oor my veiligheid. Ek dink dis dalk baie moeiliker vir hulle as vir my, want meestal weet hulle nie presies waar in die wêreld ek my bevind nie. Dan hoor hulle van 'n bom in 'n gebied waar ek dalk kan wees ... Ek probeer hulle maar gedurig gerusstel wanneer ek op 'n gevaarlike sending is deur gereeld te bel, maar daar is nie altyd selfoon-sein of internet in 'n oorlogsone nie.

"'n Paar maande gelede was ek in Noord-Irak, en ek het besluit om nie vir my ouers te vertel nie totdat ek begin uitsaai. Toe ek my pa bel en sê hulle moenie bekommerd wees nie, vra hy: 'As daar niks is om oor bekommerd te wees nie, hoekom bel jy my om te sê ek moenie bekommerd wees nie?' So, jy sien, ek kan nie regtig wen nie. "

Haar geliefdes het rede om bekommerd te wees, want sy was al meer as eenmaal in lewensgevaarlike situasies, soos verlede jaar in die Oekraïne toe die konvooi waarin sy saam met die weerstandsbeweging gery het, in 'n lokval gelei is.

"Ons het plat in die gras gelê terwyl koeëls oor ons koppe fluit. Ek was te bang om te beweeg. Dit het soos 'n fliek gevoel."

Sy verdeel haar tyd tussen Rusland, Suid-Afrika en die Midde-Ooste. "Ek het nie regtig net een huis nie, en leef al die afgelope tien jaar so. Aan die begin was dit vreeslik opwindend, maar deesdae, moet ek erken, is dit nogal uitputtend. Ek voel al hoe meer dat ek iewers wil wortelskiet. Ek begeer meer roetine in my lewe. Ek tik my antwoorde vir jou terwyl ek in Beiroet is waar anti-regeringbetogings uitgebreek het. Twee weke gelede was ek nog in Johannesburg om 'n toekenning te ontvang toe ek by die geselligheid die oproep kry dat ek onmiddellik Libanon toe moet vertrek. Ek het daar aangeland met die mees onvanpaste klere, en die kameraman moes koeëlvaste baadjies van Rusland af saambring en my daar ontmoet. Die heel eerste ding wat ek dikwels doen wanneer ek in 'n land aankom, is om my klere te stuur om gewas te word omdat daar nie tyd was voor ek moes vlieg nie."

Sy het nog nie nuwe tale aangeleer nie. "Maar ek kan darem 'heerlik om jou te ontmoet' en 'ek wil tee met mentblare hê' in omtrent tien verskillende tale sê!"

Sy moet dikwels improviseer, soos as daar dalk nie 'n tolk vir onderhoude beskikbaar is nie. "Dan e-pos iemand van ons hoofkantoor af vir my die vrae in Arabies, ek wys dit vir die persoon met wie ek die onderhoud moet voer, en dan antwoord hy of sy dit in Arabies. Ek knik dan ewe asof ek alles presies verstaan, en dan beweeg ons aan na die volgende vraag."

Haar beste vriendin woon nog in Johannesburg. "Ons kan maande lank nie praat nie, maar as ons dan praat, is dit asof ons 'n uur terug laas met mekaar gepraat het."

Baie ander vriendskappe het ongelukkig in die slag gebly, iets waarvoor sy begrip het.

"Ek was nie daar om aan hulle te werk nie, en al is mense ook hoe vol begrip, is dit moeilik om 'n vriendskap aan die gang te hou as een van die partye heeltyd afsprake moet kanselleer omdat daar belangrike nuus is. 'n Mens betaal noodwendig 'n prys vir hierdie soort werk."

Gelukkig tog, dink ek, vir die Paula Sliers van hierdie wêreld wat bereid is om op te oÃer sodat die vertraptes, die verkragtes en sterwendes, die stommes en onsigbares van hierdie wêreld, se stories vertel kan word. **rr**